Europese geskiedenis

M-H. Tesnière

*Creating French culture: Treasures from the Bibliothèque nationale de France*

Yale University Press, New Haven, 1995.

ISBN 0-300-06283-4

Prys onvermeld

Daar bestaan in veral die Westerse beskawingsmilieu groot waardering vir die Franse kultuur. Dit is derhalwe vir die versamelaar van boeke, maar veral ook die kultuurhistorikus, 'n uitsonderlike ervaring om kennis te neem van 'n werk waarin 'n "voëlvlug" van enkele waardevolle werke in die *Bibliothèque nationale de France* (BnF) onderneem word.

Die werk, *Creating French culture: Treasures from the Bibliothèque nationale de France* is 'n katalogus wat deur bemiddeling van die Library of Congress in die Verenigde State saamgestel is, as deel van 'n projek om 'n reeks oor die groot biblioteke van die wêreld die lig te laat sien.

Die katalogus, wat keurig op glanspapier en in volkleur gedruk is, verteenwoordig die belangrikste mylpale in die Franse geskrewe kultuur oor 'n tydperk van die afgelope bykans twaalf eeue.

Die huidige BnF het in 1368 beslag gekry toe koning Karel V, 'n ywerige versamelaar van handgeskrewe manuskripte, die instelling tot stigting gebring het.

In die era van Karel VIII (1483-1498) het die biblioteek, benewens handgeskrewe manuskripte, ook begin om gedrukte werke te versamel - binne 30 jaar ná Gutenberg se omwenteling in die drukkuns!

Dit is dan ook nie vreemd nie dat 'n versameling van meer as 13 miljoen bande tot op hede opgebou is. Die katalogus van hierdie werke beslaan tans 231 volumes. Die samestelling daarvan is eers in die 1980's, ná meer as 'n eeu van ordenning, voltooi.(p. xxxx.)

In die biblioteek is benewens manuskripte en gepubliseerde werke ook 'n magdom kunswerke, munte en medaljes, wat meer as 'n millenium van Franse kultuur verteenwoordig.

Die katalogus is met reg, soos J.H. Billington in die voorwoord aanvoer, 'n voorbeeld van kulturele interpretasie.

Dit is moontlik om in die keurige tekste die vertolking van 'n manuskrip van *Petites Heures d' Anne de Bretagne*, wat in die sestiende eeu opgestel is, in samehang met Jean-Paul Sartre se *La Nausee*-manuskrip van 1938 te lees.

Die items is noukeurig beskryf in terme van formaat, datum en plek, asook die bron en datum van verkryging. Waar nodig, is illustrasies in voortreflike kleur afgedruk.

Van besondere belang is die besprekings van verskillende chronologiese temas. Emmanual le Roy Ladurie bespreek onder meer die era van die *Grand Siécle* tot en met die Franse Revolusie (1661-1799). Peter Gay behandel die era van die Franse Revolusie tot op hede. Op haar beurt is die redaktrise, Marie-Hélène Tesnière, verantwoordelik vir die Middeleeue, vanaf die agtste tot die vyftiende eeu. Vir kultuurhistorici is die tekste van hierdie skrywers 'n goeie voorbeeld van tegniese kultuurhistoriese diskoerse in Frankryk.

Benewens die feit dat dit 'n waardevolle naslaanwerk is, het *Creating French culture* 'n magdom terreine waarop dit voortreflik aangewend kan word. Die student van kultuur kan 'n indruk vorm van die Franse geskiedenis. Vir die museumkundige is daar 'n navolgingswaardige voorbeeld van hoe die sore van 'n groot kultuur bewaar word. Daarbenewens bevat die werk ook baie inligting vir die student van musiek (verskeie musiekmanuskripte word bespreek), biblioteekkunde, argitektuur (veral oor tendense in biblioteekontwerp vanaf die negentiende eeu tot op hede) en die geskiedenis van die geskrewe woord in die algemeen. Op die keper beskou is dié werk 'n besondere leeservaring vir diegeen wat 'n groot kultuur kan waardeer.

Johann W.N. Tempelhoff

*Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Vaaldriehoekkampus)*